

Kategeet werkblad: 13 November 2011

Teksgedeelte:

Handelinge 20:17-38

Agtergrond:

In hierdie gedeelte neem Paulus afskeid van die gemeente in Efese. Die skrywer (Lukas) herinner die gemeente wat Paulus in Efese gestig het aan die boodskap wat hy na hulle gebring het, nl. die boodskap van God se genade. Van Handeling 19 af skets die skrywer 'n parallel tussen Jesus, wat God is, en Paulus wat die boodskapper van God is. Die boodskap van hierdie gedeelte wys dan veral na God en God se koninkryk wat anders lyk as die koninkryk van die wêreld waaraan die Efesiërs blootgestel is. Die doel van hierdie gedeelte is dieselfde as 'n testament: Paulus se laaste woorde aan die ouderlinge in Efese herinner aan hulle taak: om beeld van God te wees. Hulle moenie só deur hulle samelewing beïnvloed word dat hulle daardeur opgeslurp word nie. Hulle moet, soos wat Paulus van God se genade afhanklik was, ook van God se genade in hulle lewens en in die kerk bewus raak en daaraan vashou. Hulle het wat hulle nodig het.

Verwagte uitkoms:

Ons raak maklik vasgevang in ons samelewing en die eise wat ons samelewing aan ons stel. Die teksgedeelte en die speletjie herinner ons dat ons God se genade ontvang het, dit is vir ons genoeg. Ons moet ook hierdie genade aan ander uitdeel en nie self opgeslurp word in die voorwaardes en eise van ons samelewing nie. Omdat ons God se genade het, is ons anders.

Aksie:

Is jy lief vir jou naaste?

- Die groep sit in 'n kring met een persoon in die middel.
- Die persoon in die middel loop na een van die ander in die kring en vra "Is jy lief vir jou naaste?"
- Die persoon wat gevra is antwoord dan met "Ek is lief vir my naaste, behalwe mense wat (vul eienskap vir mense in die groep in)". Die sin kan byvoorbeeld so klink: "Ek is lief vir my naaste, behalwe mense wat swart skoene aan het."
- Almal wat dan, soos in die voorbeeld, swart skoene aan het, moet dan vir 'n ander sitplek soek.
- Die persoon wat in die middel gestaan het, kan dan sy/haar kans neem om een van die sitplekke te neem.
- Die persoon wat oorbly, sonder 'n sitplek, moet dan weer aan iemand in die groep gaan vra: "Is jy lief vir jou naaste?" en so herhaal die speletjie.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Iemand in die groep kan 'n advertensie maak van wat tydens die aktiwiteit gebeur het, hy/sy kan van die ander mense in die groep gebruik maak vir die advertensie.

Hart vrae:

- Wie in die groep het selfbewus gevoel oor dit wat hulle aan het of dit wat beskryf is?
- Het jy al 'n vorige keer in jou lewe selfbewus gevoel oor dit wat jy aan het of dalk dit wat jy nie het nie?

Skoppens vrae:

- Hoe is hierdie speletjie soos die lewe?
- Hoe maak die advertensies, TV-programme en tydskrifte dat ons selfbewus en nie goed genoeg voel nie?
- Wie is mens se naaste en hoekom is ons vir ons naaste lief?

Klawers vraag:

- God is genadig en is vir ons baie lief. Hoe is hierdie boodskap van God se genade anders as die boodskap wat ons op die TV hoor?
- Paulus sê aan die ouderlinge van Efese dat hy genoeg gehad het om van te lewe. Wat vir hom belangrik was, is om God se boodskap oor te vertel. Hoe kan ons vir ander mense wys dat God vir hulle ook genade het?

By die huis:

Deel aan die kinders die **Gesinsblaie** uit. Op die gesinsblaie is daar besprekingsonderwerpe vir die week. Die gesinne kan tydens ete een aand in die week die onderwerpe op hierdie blad bespreek. Daar sal tydens volgende week se kategeeses geleentheid gegee word vir terugvoer oor wat hulle by die huis geleer het.